### *3.3*
### WYSIGINGSWET OP WISSELS RAKENDE DIE KRUISING VAN TJEKS

**Bestek: Die beleid bevat inligting soos verkry uit die Wysigingswet op Wissels, wat op 1 Maart 2001 inwerking getree het, en die gevolge van die wysigings op die Universiteit**.

**Beleid:**

Die parlement het wetgewing oor die hantering van tjeks verander. Die nuwe wet, Die Wysigingswet op Wissels, het op 1 Maart 2001 in werking getree. Finansiële instellings, soos banke, wat moet voldoen aan die vereistes van hierdie Wysigingswet, het egter 'n grasietydperk vir implementering gekry.

Die Universiteit se tjeks word as "nie oordraagbaar / nie verhandelbaar nie" gekruis om maksimum beskerming te verleen in die geval van diefstal asook indien tjeks verlore raak. Ingevolge die nuwe wysigingswet is dit nou onwettig om die "nie-oordraagbaar " kruising op 'n tjek te skrap of te kanselleer. 'n "Nie-oordraagbare" tjek mag slegs inbetaal word in 'n bankrekening in die naam van die persoon aan wie die tjek uitgemaak is. 'n "Nie-oordraagbare" tjek kan nie meer, soos tans die gebruik is, aangewend word om iemand te betaal wat nie 'n bankrekening het nie. Die Universiteit se voorafgedrukte tjeks kan dus nooit gebruik word vir 'n kontanttjek of om iemand te betaal wat nie 'n tjekrekening het nie.

Met inagneming van die grasietydperk vir banke, mag die Universiteit vanaf 1 Mei 2001 nie meer die kruising op tjeks kanselleer nie. Uitbetalings aan studente t.o.v. byvoorbeeld beurse asook krediete op studentelenings sal dus in die betrokke begunstigde se bankrekening inbetaal moet word. Studente sal moet verseker dat hul wel oor 'n geldige bankrekening beskik. In die geval van tjek-, spaar- en transmissierekenings kan die betalings, indien Afdeling Finansiële Dienste van die betrokke bankbesonderhede voorsien is, direk in die betrokke bankrekening oorbetaal word.

Die nuwe wetgewing het egter die Universiteit genoodsaak om ook die hantering van kleinkasaanvullings en die uitbetaling van lone te wysig. Die huidige tjekrekwisisievorm is gewysig om voorsiening te maak vir die uitbetaling van kontant.

Magtiging vir kontantopvraging sal na goedkeuring by die kantoor van die Hoof: Finansiële Dienste beskikbaar gestel word aan die begunstigde soos aangedui op die tjekrekwisisie. Hierdie kontantopvragingsdokument kan dan soos aangedui by een van die volgende kassiere aangebied word vir die uitbetaling van die goedgekeurde kontantbedrag.:

- Die US Kassiere by die Hoofkampus
- Die US Kassiere by die Tygerbergkampus
- Die US Kassiere by die Belvilleparkkampus
- Die Standardbankkassier op die Hoofkampus
- Standardbank (Tygermanor Tak)
- Standardbank (Stellenbosch tak)

Die betrokke US kassier of Standard Bankkassier sal slegs die betrokke kontantbedrag aan die begunstigde, soos aanvanklik op die tjekrekwisisie aangedui, na behoorlike identifikasie, uitbetaal. Identifikasie sal slegs per geldige RSA Identiteitsdokument of Paspoort kan geskied.

**Kontak afdeling:**
Finansiële Dienste